

## Prof Robert Pattinson

Prof Pattinson is 'n senior en bekende spesialis in maternale gesondheid in Suid-Afrika. Hy is die huidige Direkteur van 'n navorsingseenheid van die Mediese Navorsingsraad (MNR) wat by die ontwikkeling van strategieë vir beter gesondheidsorg vir moeders en suigelinge betrokke is, en Kliniese Hoof van die Departement Ginekologie en Obstetrie in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe van die Universiteit van Pretoria. Hy dien op die Nasionale Komitee vir Vertroulike Ondersoeke oor Moedersterftes en die Nasionale Komitee oor Perinatale Morbiditeit en Mortaliteit in Suid-Afrika, en is verantwoordelik vir die opstel en versorging van die twee komitees se verslae. Hy is ook verantwoordelik vir opnames oor die stand van perinatale sorg en gesondheidsorg vir jong kinders in Suid-Afrika.

Prof Pattinson het in 1987 'n genootskap in *Maternal and Foetal Medicine* in Oxford, VK, voltooi. Hy het in 1992 'n MD van die Universiteit van Stellenbosch ontvang en is gekies as 'n genoot van die Royal College of Obstetricians/Gynaecologists, VK, in 2008. Sy belangrikste navorsingsbelangstellings is verloskunde, mediese oudit, gesondheidstelsels en doelmatige metodes om gemeenskapsbetrokkenheid te bevorder. Sy navorsing is veral toegespits op die bepaling van die mees effektiewe wyse om nuwe gesondheidsorgstrategieë te implementeer en om bestaande programme te verbeter – met ander woorde, om dit moontlik te maak om die ouditsiklus doeltreffend te voltooi. Hy het 139 portuurbeoordeelde artikels in vaktydskrifte agter sy naam.

Prof Pattinson is lid van talle internasionale en plaaslike deskundige panele en komitees. Hy is onder andere lid van die Global Survey Steering Committee van die Wêreldgesondheidorganisasie (WGO) en was Voorsitter van WGO AMSTL (Active Management of Third Stage of Labour) se Bestuurskomitee vir Toetsdata van 2008 tot 2011. Hy is sedert 2007 die Hoofondersoekbeampte vir UNICEF se program in Mpumalanga om die gesondheid van moeders en kinders te integreer. Hy is lid van die PhD-komitee van die Universiteit se Fakulteit Gesondheidsdienste. Die mees onlangse toekenning wat hy ontvang het, was die Penning vir Gemeenskapsdiens van die Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging in 2010. Hy het 'n B1-gradering van die NNS.

---

Prof Pattinson is a senior and well known maternal health specialist in South Africa. Currently he is the Director of the Medical Research Council (MRC) Maternal and Infant Healthcare Strategies Research Unit and Clinical Head of the Department of Obstetrics and Gynaecology at UP. He serves on the National Committee for the Confidential Enquiries into Maternal Deaths and the National Perinatal Morbidity and Mortality Committee in South Africa and compiles and edits their reports. He also is responsible for the perinatal care and child healthcare surveys in South Africa.

Prof Pattinson completed a Fellowship in *Maternal and Foetal Medicine* in Oxford, UK in 1987, obtained a MD from the University of Stellenbosch in 1992 and was elected a Fellow of the Royal College of Obstetricians/Gynaecologists, UK in 2008. His main research interests are in obstetrics, medical audits, health systems and effective methods of outreach. His main research focus is on determining the most effective means of implementing new health care strategies and improving current programmes, in other words, how to effectively complete the audit cycle. He has 139 peer-reviewed journal articles in his name.

Prof Pattinson sits on many international and local expert panels and committees. He is a member of among others, the World Health Organisation (WHO) Global Survey Steering Committee and was Chairperson of the WHO AMSTL (active management of third stage of labour) trial Data Management Committee from 2008 until 2011. He has been the Principal Investigator for the United Nations Children's Fund's (UNICEF) Maternal and Child Health Integration Programme in Mpumalanga since 2007. He is a member of the PhD Committee of UP's Faculty of Health Sciences. His most recent award was the South African Medical Association's Community Service Award in 2010. He holds a B1-rating from the NRF.

---

Prof Pattinson ke setsebi se segolo ebile ke setsebitsebi sa maphelo a batswetši mo Afrika-Borwa. Gabjale ke Molaodi wa Lekala la Dinyakišišo la Maano a Tlhokomelo ya Maphelo a Batswetši le Masea le Tlhokomelo ya Bana ya Khansele, Khanseleng ya Dinyakišišo tša Kalafo (MRC), ebile ke hlogo ya balwetši ya Kgoro ya Thutapelegišo le Thutamalwetši-a-Sesadi mo UP. Ke leloko la Komiti ya Bosetšhaba ya Dipotšišo tša Sephiri ka ga Mahu a Batswetši le Malwetši a Masea le Komiti ya Mahu mo Afrika-Borwa gomme o kgoboketša le go rulaganya dipego tša bona. Gape o rwele maikarabelo a tlhokomelo ya masea le dinyakišišo tša tlhokomelo ya maphelo a bana mo Afrika-Borwa.

Prof Pattinson o hweditše lengwalo la MD ka ga Dihlare tša Batswetši le Masea ao a sešogo a belegwa (futhase) go tšwa Kholetšheng ya Royal ya Dingaka tša Pelego le Dingaka tša Malwetši a Sesadi, UK ka 1992. Dikgahlego tša gagwe tše di kgolo tša dinyakišišo ke thutapelegišo, bolekodi go tša kalafo, disesteme tša maphelo le mekgwa yeo e šomago ya go fihlelela ditšhaba. Nepo ye kgolo ya nyakišišo ya gagwe e mo go laetšeng ditsela tšeo di šomago kudu phethagatšong ya maano a tlhokomelo ya maphelo a maswa le go kaonafatša mananeo a bjale, ka mantšu a mangwe ke gore saekele ya bolekodi e ka phethagatšwa bjang ka tshwanelo. O na le diathikele tša tšenale ka leina la gagwe tšeo di sekasekilwego ke ba mphato wa gagwe.

Prof Pattinson ke leloko la dikomiti le diphanele tša batsebi tša mono gae le tše ntši tša boditšhabatšhaba. Ke, magareng ga a mangwe, leloko la Komiti ya Tshepedišo ya Dinyakišišo tša Lefase ya Mokgatlo wa Maphelo wa Lefase (WHO) ebile o kile a ba modulasetulo wa WHO AMSTL (Taolo ya mahlahla ya kgato ya boraro ya mošomo) ya teko ya Komiti ya Taolo ya Tatha go tloga ka 2008 go fihla ka 2011. O bile monyakišisimogolo wa Lenaneo la Kopantšho ya Maphelo a Bana le Batswetši tša Sekhwama sa Bana sa Ditšhaba tšeo di Kopanego (UNICEF) kua Mpumalanga go tloga ka 2007. Ke leloko la Komiti ya PhD ya Lefapha la Thutamahlale a Maphelo. Sefoka sa gagwe sa kgauswinyana e be e le Sefoka sa Tirelo ya Setšhaba sa Mokgatlo wa Kalafo wa Afrika Borwa ka 2010. O fihleletše maemo a B1 go tšwa go NRF.